**Dinsdag 7 Februarie**
**Skrifgedeelte: Johannes 13:31-38 (AFR2020)**
**Fokusgedeelte: Johannes 13:34-35 (AFR2020)**

**Onderlinge liefde wys ware Christenskap**

Die Here gee ’n uitdruklike opdrag dat sy dissipels mekaar moet liefhê (Joh. 13:34-35). Die Here Jesus noem die opdrag wat Hy hier gee, *“’n nuwe gebod”* (vs 34), nie omdat die idee dat God se kinders mekaar moet liefhê, nuut is nie, maar omdat hierdie liefde nou ’n nuwe diepte moet kry: Sy dissipels moet mekaar liefhê soos wat Hy hulle liefgehad het (vs 34)!

Jesus se twee dade wat hierdie gesprek met sy dissipels omraam, verduidelik die nuwe diepte wat hierdie liefde moet hê. Net voor hierdie gesprek het Hy soos ’n slaaf sy dissipels se voete gewas (Joh. 13:1-20). Net hierna sou Hy gevange geneem, veroordeel en gekruisig word. Dit alles in ons plek, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal beërwe.

So moet ons mekaar nou liefhê: soos wat Hy sy eie eer en belange op die agtergrond geskuif het om ons belange te bevorder, so moet ons dit ook vir mekaar doen (Fil. 2:5-8). Soos wat Hy Homself nie te hoog geag het om sy dissipels se voete te was nie, so moet ons nederig genoeg wees om selfs die geringste werkie tot voordeel van ons medegelowiges te doen (Joh. 13:15). Soos wat Hy bereid was om sy lewe vir ons af te lê, so moet ons bereid wees om ons lewens vir mekaar af te lê (Joh. 15:12-13).

Op talle plekke in die Nuwe Testament word dit uitgespel wat hierdie soort liefhê in die praktyk van die lewe beteken. Hoe dit die einde beteken van selfsug en ongeduld met die swakhede van ander, en van rusies en woede, en van bitterheid en wrokke, en van jaloesie. Hoe dit beteken dat ons in mekaar se lief en leed belangstel en mekaar ondersteun en troos en moed inpraat en help en mekaar dien en vir mekaar opoffer. Met nuwe diepte, beveel Jesus hier, moet sy dissipels mekaar liefhê.

As ons mekaar so liefhet, sal dit wys dat ons die Here Jesus regtig ken, liefhet en volg. Hierdie liefde sal wys of ons eg is, werklike dissipels van Jesus Christus.

*Sing: Skrifberyming 21/9-4:1, 4, 6*

*Ds. P Cilliers (Pierre) (Daniëlskuil/Duineveld)*